**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**PROEFEKSAMEN**

**2018**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings.

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

7. Skryf netjies en leesbaar

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

**Beantwoord slegs EEN vraag.**

| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | 4-5 |
| 2. Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom | 35 | 6-7 |
| 3. Meeulanders | 35 | 8-9 |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 10-13 |

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs EEN vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| 5. Poppie- die drama | 35 | 14-15 |
| 6. Paljas | 35 | 16-17 |
| 7. Fiela se kind | 35 | 18-19 |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**

| | | |
|---|---|---|
| 8. Veertig sinkplate teen die Suidewind | 18 | 20-21 |
| | | |
| Van Precious: 'n buisie salf | 17 | 21-22 |

**AFDELING D: GEDIGTE**

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**

| | | |
|---|---|---|
| 9. Pryslied | 18 | 22-24 |
| | | |
| By die robot in eerstelaan | 17 | 25-26 |

**VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en sy moet geel van die werk af gekom het. Hoe dit werk, kon Lien nog nie uitgewerk kry nie. Haar ma moet iewers ná werk vir 'n rukkie stop, maar waar? Sy sal tog nie by die werk...
Sy skraap moed bymekaar om Tannie Bets se pot terug te vat. Sy voel die slegste oor tannie Bets wat vir haar die werk by die Garden of Evil gekry het. Maar Malie en haar tuin gaan nie vir haar werk nie.
Die voordeurklokkie lui. Lien oorweeg dit om nie oop te maak nie. Sy onthou dan dis seker tannie Bets wat haar pot kom haal of weer iets te ete bring, soos sy gereeld doen. Haar *charity case.*
Die vriendelike jong predikantjie staan vir haar en glimlag. Hy het 'n denim en 'n swart T-hemp aan en sy blonde hare is in 'n *cocky* kuifie gejel. *Cooler* as *cool.* Sy oorweeg dit om die deur in sy gesig toe te maak.
"Hallo. Dis mos... uhm ... Lien? Jammer ek het nie eers gebel nie.

4.1. Waarna verwys die woord "geel"? Verduidelik. (1)

4.2. Waar werk Lien se ma? (1)

4.3. Voltooi die sin deur jou eie woord in te vul. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Lien kan nie glo dat haar ma by die werk sal ........ nie. (1)

4.4. Lien se ma lê en slaap wanneer haar kinders by die huis kom. Wat impliseer dit oor haar ma se vermoë as ouer? (1)

4.5. Lien gee vir die predikant die bynaam "Kuifie". Wat is sy regte voornaam? (1)

4.6. Kies die korrekte antwoord om die onderstaande vraag te beantwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.6) en die letter neer (A-D). Byvoorbeeld 4.61.E.

4.6.1. Wat het Kuifie by die woonstel kom maak?

A. Hy het met Braam kom praat oor die Super Rugbyreeks.
B. Hy nooi hulle om by die kerk aan te sluit.
C. Hy bied aan om hulle te help as hulle probleme het.
D. Hy maak seker dat hulle kos het om te eet. (1)

4.6.2. Volgens Lien is Kuifie " te lig in die broek."

Wat bedoel sy hiermee?

A. Hy is te jonk en onervare om hulle situasie te hanteer.
B. Hy is te gaaf om hulle te help.
C. Hy is nuuskierig om uit te vind wat aangaan in die gesin.
D. Hy het ander motiewe om hulle te help. (1)

4.7. Waarom was Lien kwaad vir haarself ná Kuifie se besoek? (1)

4.8. Verduidelik hoe Tannie Bets vir Lien ondersteun en help. Noem 2 feite. (2)

4.9. Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.9.1 – 4.9.3) neer.

| |
|---|
| gesellig; helder; verskil; stil; lawaaierig; negatiewe |

Tannie Bets se woonstel lyk presies dieselfde as Lien-hulle s'n, maar daar is 'n (4.9.1.)... in atmosfeer. Tannie Bets se woonstel is vrolik en (4.9.2.) ... in vergelyking met Lien-hulle se woonstel wat koud en (4.9.3.) ... is. (3)

4.10. Terwyl Lien by Tannie Bets kuier, vertel sy vir Tannie Bets wat by Malie se tuin gebeur het. Daarna raai tannie Bets vir Lien aan om met iemand anders te gaan praat oor werk.

4.10.1. Met wie moet Lien gaan praat? (1)
4.10.2. Wat is die naam van die besigheid wat hy en sy vennoot besit? (1)
4.10.3. Hoekom is die werk daar net tydelik? (1)

4.11. Later dieselfde aand lê Lien in die bad en dink aan Wouter. Waarom was sy so kwaad vir Wouter? (1)

4.12. Die volgende oggend wag Lien nie soos gewoonlik vir Wouter nie.

Waar ontmoet sy en Wouter mekaar gewoonlik elke oggend voor skool? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Haar ma sit met oorfone en ‘n koffiebeker op die sitkamermat. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe en haar gesig is effens rooi.

‘n Yskoue hand klou aan Lien se hart. Sy bly by die deur staan en hou haar ma dop. Haar ma se oë is toe. Lien stap stadig nader, haar oë vasgenael op die koffiebeker. Dan ruik sy dit. Dit is DIT!

Haar ma maak haar oë oop en lyk vir ‘n paar oomblikke uit die veld geslaan. Sy probeer die koffiebeker skuldig langs die bank indruk. Lien roer nie.

“Dis net ‘n ou wyntjie,” giggel haar ma. “Net enetjie...want ek werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie! Die laaste deel van haar sin sing sy.

“Nou maar laat ons dan ‘n glasie klink”, sê Lien, wat wil gil en skree en huil. Sy stap vinnig kombuis toe en pluk die yskas oop. Niks. Sy ruk aan die kombuiskaste. Niks. Sy begin weer by die yskas en toe weer die kruidenierskas. Agter die Post Toastie-boks staan die doos.

“Welkom terug,” sê Lien hardop terwyl sy die doos uit die kas pluk. Sy gryp die grootste koeldrankglas uit die kas en skink dit vol wyn. Sy gaan sit op die bank en lig die glas in haar ma se rigting.

“*Cheers.* Op Binnelandse Sake.”

“Moenie...” probeer haar ma.

4.13. Lien se ma het onlangs behandeling gekry vir haar alkoholisme.

4.13.1. Noem die plek waar sy die behandeling gekry het. (1)
4.13.2. Hoe lank was sy daar? (1)

4.14. Hoe het Lien sonder twyfel geweet haar ma het weer begin drink? (1)

4.15. Hoe het Lien daarop gereageer toe haar ma sê sy werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie? (1)

4.16. Gee twee redes waarom Lien voel sy gee nie meer om nie en dit maak nie eintlik saak dat haar ma drink en nie vir hulle sorg nie. (2)

4.17. Watter skokkende ding het Lien ontdek in verband met haar ma se finansies? (1)

4.18. Watter gevolge het hierdie ontdekking in vraag 4.17. vir Lien ingehou? (1)

4.19. Lien se ma het weer begin drink.

Skryf die volgende vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer:

- Lien moet ‘n plan beraam om meer geld te maak.
- Lien se ma gaan terug vir verdere behandeling
- Lien se ma verloor haar werk.
- Lien sê:”Cheers. Op Binnelandse Sake.” (4)

4.20. “Maria word ‘n verlossing.” Hoekom? (1)

4.21. Lien het dit oorweeg om nie op tannie Bets se dringende oproep te reageer nie, maar sy het maar vroeër huis toe gegaan. Vir wie het sy dit gedoen? (1)

4.22. Nie net het die wyn Lien se ma ‘n verslaafde, afwesige ma gemaak nie. Dit het ook ‘n skelm van haar ma gemaak.

Verduidelik die stelling. (1)

4.23 By wie wil Lien en Braam níé gaan bly nie? (1)

4.24. Wat sal Lien moet doen om meer geld te verdien? (1)

**(35)**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte.

### Vraag 9

9.1. Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

**pryslied - Antjie Krog**

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as in sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van Ngubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

‘n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
van ‘n verskeurde land
hy, draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede

vrede, wat die ma is van groot nasies

9.1.1. Die woord "sandkliphart" (versreël 1) verwys na die sandsteengebou waaruit Nelson Mandela oor Suid-Afrika sou regeer.

a. Na watter gebou word hier verwys? (1)
b. Verduidelik die betekenis van "sandkliphart". (1)

9.1.2. By watter geskiedkundige geleentheid is hierdie pryslied gesing? (1)

9.1.3. Gee die figuurlike betekenis van "die sandkleurige seun". (1)

9.1.4. Voltooi die paragraaf hieronder deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (9.1.4. a-c) neer.

| |
|---|
| Dalindyebo; gevestigde; uNosekeni; Ngubengcuka; heelmaker |

In hierdie gedig vind ons meer uit oor Nelson Mandela se familie. Die woord 9.1.4. (a) ......... dui aan dat die familie stamboom lank en oud is. Van sy familielede was sy oupagrootjie, 9.1.4.(b)....... en sy ma 9.1.4.(c) ....... . (3)

9.1.5. Watter mense is volgens hierdie gedig deur Nelson Mandela heelgemaak? (1)

9.1.6. Verduidelik die volgende sin: "hy wat nie lag of huil nie" (1)

9.1.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf selgs die vraagnommer (9.1.7) en die letter (A-D) neer, byvoorbeeld 9.1.7. D

Wat was die rol van Umkhonto we Sizwe?

A. Die amptelike vroue-groep van die ANC
B. Die militêre vleuel van die ANC
C. Die jeug van die ANC. (1)

9.1.8. In versreël 19 verwys die spreker na Nelson Mandela as "die swart pimpernel" .

9.1.8.a. Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? (1)

9.1.8.b. Wie het hierdie benaming vir Nelson Mandela gegee? (1)

9.1.9.a. Is daar progressie in die gedig?

9.1.9.b. Verduidelik. (1)

9.1.10. HAAL AAN om te motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Nelson Mandela het nie veel invloed op Suid-Afrika gehad nie. (1)

9.1.11. In versreël 27 lees ons van ‘n “verskeurde land”.

Wat was Nelson Mandela se funksie in hierdie verskeurde land?
Haal 1 woord uit die gedig as antwoord aan. (1)

9.1.12. Kyk na versreël 28.

“hy draai ons na mekaar toe vir mekaar”

Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde? (1)

9.1.13. Wat is, volgens hierdie gedig, die belangrikste kenmerk van ‘n groot nasie? (1)

9.1.14. Sê in jou eie woorde waarom soveel mense vir Nelson Mandela prys. (1)

**EN**

9.2. Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg

**By die robot in eerstelaan - Marita van Aswegen**

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en ‘n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor ‘n pyp eenkant toe swik
“ons beter geld kry, of ek los jou hier,”
Sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van ‘n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui ‘n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en so seer

‘n motorruit tjier af en ver weg dreun ‘n bus
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg ‘n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en ‘n kindjie jil
“mammie hy’s blind,” piep ‘n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

“hier is nog tien rand,” sê die vrou
“koop vir jou iets om aan te kou”
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.2.1. Haal een versreël aan wat bewys dat die blinde met hulp by die verkeerslig moet kom. (1)

9.2.2. Volgens hom, is sy lyf baie seer. Waarvan pyn sy lyf? (1)

9.2.3. Kies die aanhaling in KOLOM B om by die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.2.3.a – 9.2.3.d.) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.2.3.a. | Klanknabootsing | A | "sy arm word gepluk en geruk en hy skrik" |
| 9.2.3.b. | Assonansie | B | "sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind" |
| 9.2.3.c. | Vergelyking | C | "trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie" |
| 9.2.3.d. | Polisindenton | D | "sy dowwe oë bewend opw<u>aa</u>rts gesl<u>aa</u>n" |
| | | E | "sy arm en nek is <u>s</u>o <u>s</u>tyf en <u>s</u>eer" |

(4)

9.2.4. As gevolg van die feit dat hy blind is, kan ons in die gedig agterkom dat hy baie meer op een van sy ander sintuie staatmaak.
Noem die sintuig waarop hy meer staatmaak. (1)

9.2.5. Waarmee kan ons die tsotsi in versreël 12 vergelyk? (1)

9.2.6. Watter woord in strofe 1 dui aan dat die blinde man sy lot met die tsotsi maar net aanvaar? (1)

9.2.7. "Mammie, hy's blind," piep 'n dogtertjie sag –

Ná hierdie woorde draai hy sy kop skuins en hy wag. Waarvoor wag hy? (1)

9.2.8. Haal 1 versreël uit die gedig aan om te motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die blinde man het nie meer die wil om te leef nie. (1)

9.2.9. Watter soort rym kry ons in hierdie gedig? (1)

9.2.10. Waarom het die blinde man nie net iemand om hulp gevra nie? (1)

9.2.11. Verduidelik waarom die tsotsi lag as die vrou vir die man tien rand gee en vir hom sê om vir homself iets te koop om te eet. (1)

9.2.12. Verduidelik waarom "eerstelaan" nie met 'n hoofletter geskryf is nie (1)

9.2.13. Haal 'n versreël aan wat in kontras staan met die gewone, harde geluide van die blinde man se dag. (1)

9.2.14. Wat word 'n vier-reëlige strofe genoem? (1)

**(35)**

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| **GROOTTOTAAL:** | **70** |